

Ned Geref Kerk in Namibië
Besluite van die
Sewentiende vergadering van die Sinode;
18 – 21 Maart 2016; 12:00; Ned. Geref.
Gemeente Pionierspark, Hoeke van
Redecker- en Albertstrate, Windhoek.



Voorsitter: Ds JJ (Pine) Pienaar

Eerste dag: Vrydag 18 Maart 2016

Ds. Hector Jooste (Otjiwarongo) vra na redes waarom geen geloofsbrief van Usakos gemeente ontvang is nie. Die voorsitter dui aan dat daar nie in hierdie stadium 'n antwoord op die vraag beskikbaar is nie.

Die skriba rapporteer dat dit onder die moderamen se aandag gekom het dat daar 'n staande sinode besluit is dat die vergadering nie op 'n Sondag sal vergader nie. Op aanbeveling van die moderamen neem die sinode kennis van hierdie vroeëre sinode besluit, hoewel dit nie opgespoor kon word nie. Die sinode herroep hiermee enige sodanige besluit en keur daarmee die vergadering skedule soos voorgelê goed – ingesluit die sittingstye

Tema 1: Die Bybel in die gemeenskap van gelowiges

Die sinode keur die volledige getuienis soos volg goed:

In 'n tyd en omstandighede waarin mense binne en buite die kerk ervaar dat:

- baie bekende en aanvaarde standpunte bevraagteken word en verander,
- daar 'n toename in onsekerheid, lewens-risiko's en sosiaal-maatskaplike verval plaasvind,
- gesonde en positiewe verhoudinge tussen mense versplinter en breek, en
- onsekerheid en vaagheid oor die Christelike geloof se boodskap en getuienis in die wêreld en samelewing toeneem,

wil die NGKN getuig dat sy die volgende omtrent die Bybel bely:

1. Die NGKN bely, as 'n kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die **Woord van God** is en dat die Bybel daarom:
 - **Gesag het** oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig en ons daarvan verseker dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te lewe;
 - **Betroubaar is**, omdat God werklik is soos wat Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak, naamlik as Vader, Seun en Gees wat uit genade en in liefde ons mense se God is en Hy ons van harte oortuig om vas op Hom te vertrou;
 - **Duidelik is**, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor, asook van die regverdige oordeel van God;
 - **Voldoende is**, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons mense nodig het en hoef te weet om in die Lewende God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vgl. NGB Art. 7)

Daarom bely ons steeds gelowig dat hierdie waarheid omtrent die Skrif alleen, as God se openbarende Woord, vir ons bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, **beteken hierdie belydenis vir ons:**
 - Dat die Bybel **nie vereis** dat ons **ons menslike denkvermoë**, wat 'n wonderlike gawe van God is waarmee ons Hom dien, **moet opoffer, ophef of nie gebruik nie;**
 - Dat die Bybel **nie gesien** en hanteer kan word **as 'n eksakte handboek** vir historiese, etiese of wetenskaplike kennis in die moderne sin en opvatting van hierdie begrippe nie;
 - Dat die Bybel **nie so direk en maklik is om met die verstand alleen te verstaan** dat sommer enige mens op sy of haar eie, onmiddellik sonder enige deelname aan die groter christelike gesprek en ook die leiding van die Heilige Gees alles daarin volledig kan begryp en eiesinnig kan verklaar nie;
 - Dat die Bybel nie vir ons mense die volledige, feitelike en finale kennis oor alle aspekte van die lewe en werklikheid gee, **sodat enige verdere menslike ondersoek, nadenke, gesprek of wetenskaplike navorsing nie nodig is nie.**
3. Ons bely verder ook dat **God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei.** Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor, ontvang en daarmee omgaan in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar in die verwagting dat ons in en deur die lees en interpreteer van die Skrif God se openbaring van Homself en sy wil vir die lewe ontdek. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd **oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike luister na en interpretasie van die Skrif** waardeur die kerk as geloofsgemeenskap, onder die leiding van die Heilige Gees, soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur die werking van sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:
 - Die klem wat van die begin af gelê is en nog steeds word, op 'n goeie kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybeltekste aanvanklik geskryf is, asook die voortgaande soeke na die beste benaderings en maniere vir verantwoordelike Bybelvertaling en Skrifuitleg;
 - Die beklemtoning dat die hele Skrif altyd gelees moet word in die lig van die kontekste waarbinne die tekste ontstaan het, sodat die tyd- en kultuur-betrokkenheid daarvan in ag geneem kan word met die interpretasie en uitleg;
 - Die voortgaande soeke na en gesprekke oor uitgangspunte, riglyne en reëls vir gesonde, geloofwaardige en helder eksegetisering en uitleg van die Skrif. Voorbeelde van sulke eksegetiese riglyne uit ons tradisie behels onder andere:
 - Dat die Skrif as geheel en konsekwent gelees moet word en nie slegs as enkele uitsprake of losstaande tekste wat buite verband verabsoluteer word nie;
 - dat Skrif met Skrif vergelyk moet word omdat die Bybel op 'n eienaardige manier ook as sy eie uitlegger funksioneer en die leser help om te verstaan;
 - dat die moeiliker dele van die Bybel in die lig van die makliker en duidelike dele vertolk moet word en
 - dat die Skrif altyd vanuit die hart daarvan, naamlik die evangelieboodskap van Jesus Christus, beluister, verduidelik en uitgelê moet word.
 - Die onderskeid wat in die uitleg van die Bybel gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag en gewig dra (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die godsdienstige en morele wetgewing in die Skrif);

- Die dankbare, maar ook kritiese luister na die (baie) manier(e) waarop die Bybel reeds in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en nog steeds in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie tradisie en kerk asook in ander tradisies en kerke uitgelê word;
 - Die vestiging en handhawing van kerklike praktyke vir die lees, interpretasie en verduideliking van die Skrif, soos veral in die prediking, maar ook in kategetiese, gemeentelike Bybelstudie, teologiese studie en akademiese navorsing;
 - En veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarmee die kerk daarna streef om die hart van die Skrif-boodskap duidelik te vertolk, helder te verwoord en gehoorsaam te aanvaar.
4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor wat die beste benaderings, riglyne, reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg is, bly dit vir die NG Kerk 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God, nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.
 5. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende pluralistiese tye waarin ons vandag leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die ingewikkelde leerstellige sake en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk regoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. (Fil. 1:9-10)

Tema 2: Die verhoudinge binne die gemeenskap van gelowiges

Die sinode besluit om 'n taakspan van die volgende 8 persone, nl. drr. André Olivier (sameroeper), Manus Olivier, De Wet Strauss, Jan Woest, di Dirk de Vos, Johannes de Koning, Johannes Maritz en Thijs vd Merwe, aan te wys om 'n proses van besinning, raadpleging en besluitneming oor die toekomstige funksionering van die NGKN te begelei en binne 4 maande terugvoering te gee aan die moderamen vir verdere hantering. Die taakspan moet onder andere aan die volgende aspekte aandag gee:

- Breë ekumeniese verhouding, bv. die Algemene Sinode
- Plaaslike strukturering
- Teologiese opleiding
- Nuwe Reformatoriese geloofsgemeenskappe.

Met die aanvaarding van hierdie voorstel is punte 4 en 5 van die Noorde Ring se beskrywingspunt afgehandel.

Tema 3: Die etiese lewe van die geloofsgemeenskap

- 1.1. Die sinode amendeer die voorstel ter vergadering en keur haar getuienis oor selfdegeslag seksuele verhoudings soos volg goed:

1. Die 17de vergadering van die Namibiese sinode van die NG Kerk (NGKN) neem kennis van uiteenlopende standpunte rakende die beoordeling van selfdegeslag seksuele verhoudings, ook standpunte wat op die Bybel gegrond is. Terwyl ons die integriteit aanvaar van gelowiges wat kan saamleef met die 2015-besluit van die Algemene Sinode, is die getuienis van die meerderheid van afgevaardigdes dat dáárdie besluit nie te rym is met hulle verstaan van die Skrif nie.

2. Ons wil graag die teologiese gesprek oor selfdegeslag seksuele verhoudings laat voortgaan en versoek die moderamen om saam met ander Christelike geloofsgemeenskappe 'n gesprek te inisieer waar deelnemers sal oefen in die geloofwaardige lees en helder uitleg van die Skrif ten opsigte van gesagvolle leiding met betrekking tot etiese vraagstukke.
3. Ons getuig dat ons etiese lewe oor die volle spektrum van die lewe strek en moedig navolgers van Christus aan om konsekwent te wees in hulle profetiese vermaning oor etiese vergrype in die samelewing. Die sinode is egter hartseer oor die oënskynlike gebrek aan entoesiasme onder gelowiges om etiese uitdagings anders as seksuele sake aan te pak.
4. Ons getuig dat ons die Bybel nou só verstaan oor selfdegeslag seksuele verhoudings:

ONS VERTREKPUNT IS DIE BYBEL EN DIE LIEFDE VAN CHRISTUS

- 4.1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor selfdegeslag seksuele verhoudings soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
- 4.2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God, die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense. Ons aanvaar ook in goeie trou mense met 'n oriëntasie tot selfdegeslag seksuele verhoudings se belydenis van hulle egte saligmakende geloof in God Drie-enig as 'n geloof wat alleen berus op die genadige soenverdienste van Jesus Christus, ons Here.

DIE ONVERKLAARBARE WERKLIKHEID VAN ORIËNTASIE TOT SELFDEGESLAG SEKSUELE VERHOUDINGS VRA PASTORALE SENSITIWITEIT EN BEGRIP

- 4.3. Ons kan nie anders as om die bestaande werklikheid van mense met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie te erken nie. Net soos wat daar baie ander werklikhede in die skepping is wat ons nie kan verklaar nie, kan ons ook ten spyte van baie navorsing en studie, nie afdoende verklaar hoekom dit is dat sommige mense se oriëntasie so is nie. Ons getuig dat die Bybel in geen taal praat oor die onverstaanbare werklikheid van hierdie soort oriëntasie by 'n klein persentasie mense nie. In die Bybel word slegs deurlopend gepraat oor die neiging tot die praktyk van selfdegeslag seksuele verhoudings tussen merendeels mans. Ons besef en aanvaar dat mense met sodanige natuurlike oriëntasie nie bloot afwykende, immorele of sondige keuses maak om op so 'n manier mens te wees nie.
- 4.4. Deur die erkenning van die werklikheid van 'n menslik-onverklaarbare oriëntasie tot selfdegeslag seksuele verhoudings by sommige mense, aanvaar ons die verantwoordelikheid om hierdie mense met 'n pastorale gesindheid van sensitiwiteit en begrip te aanvaar en respekvol te behandel as medemense voor die aangesig van die lewende God wat hulle as mens geskep het. Mag die Gees van Christus sy gemeente daarvan bewaar om in 'n gesindheid van onverdraagsaamheid en geestelike hoogmoed, veroordelend, homofobies en verkleinerend aan enige mens te dink of teenoor hom/haar op te tree. Waar lidmate van die NGKN só teenoor mense van selfdegeslag seksuele oriëntasie opgetree het, het ons skromelik in ons roeping tot genadige liefdesdiens in die Naam van Christus gefaal.

DIE BYBEL WYS DADE VAN SELFDEGESLAG SEKSUELE VERHOUDINGS AF

- 4.5. Ons besef dat daar in die Bybel eksplisiete vermelding is van 'n verskeidenheid van seksuele optredes wat afwyk van God se oorspronklike bedoeling met seksualiteit. Praktyke soos buitewettelike geslagsverkeer, bloedskanie, verkragting, egbreuk/huweliksontrou, prostitusie en egskeidings word onomwonde in die Bybel vermeld. Vreemd genoeg word hierdie optredes nie elkeen op presies dieselfde wyse in die Bybel beoordeel en/of afgewys nie. Die twee seksuele optredes wat in die Bybel op die skerpste wyse veroordeel word, is prostitusie en selfdegeslag seksuele verhoudingsgedrag.
- 4.6. Dat die sondige natuur van die mens se verval uiteraard ook in daade van seksuele aard na vore kom, maak dit nie die goddelike gegewe van menslike seksualiteit as sodanig sondig nie. Dit wat die Bybel

ons egter oor die aard en gevolge van sonde leer, is ook van toepassing op praktyke wat in teenstelling tot God se bedoeling met seksualiteit gepleeg word. Sonde vernietig die mens se lewenspotensiaal en lei tot die ewige geestelike dood. Om die gawe van ons seksualiteit uit te leef op ander maniere as wat God daarvoor gewil het, is, soos ook die ondoelmatige uitlewing van enige ander gawe wat die Skepper aan die mens toevertrou het, sonde in die oë van die Here.

- 4.7. Dit is opvallend dat die Bybel nêrens eksplisiet berig omtrent spesifieke daade van geslagsgemeenskap binne selfdegeslag seksuele verhoudings nie. Daar word slegs op indirekte wyse hierna verwys of oor die neiging daartoe gepraat en dan wel in ernstige veroordelende taal.
- 4.8. Op grond van deeglike eksegetiese ondersoek is dit op geen manier tans vir ons in ons interpretasie van die Bybel moontlik om selfdegeslag seksuele daade te aanvaar en te regverdig nie. Dit strook volgens die Bybel nie met God se oorspronklike bedoeling vir menslike seksualiteit nie.
- 4.9. Ons erken die diskresie van kerkrade om die verskille oor selfdegeslag seksuele verhoudings in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

ONS GETUIG DAT DIE BYBEL 'N SELIBATE LEWE VRA VAN MENSE MET 'N SELFDEGESLAG SEKSUELE ORIËNTASIE

- 4.10. Ons glo dat die Bybel duidelik is oor die goddelike gegewe van menslike seksualiteit. Ons verstaan dat seksualiteit primêr deur God bedoel is om die menslike geslag te laat voortplant binne die ruimte van gesinne, gegrond op 'n onverbreekbare egverbintenis en trouverbond tussen 'n man en 'n vrou wat mekaar liefhet. Dit is ook die ruimte waarbinne die mens vreugde vind in die beoefening van sy/haar seksualiteit, omdat die mens daarmee, ten spyte van die gebrokenheid van die skepping, met die hulp van die Gees van Christus tog daarna streef om te voldoen aan die wil van God self. Die kerk het immers deur die eeue heen getuig dat die goddelik-bedoelde uitlewing van die mens se seksualiteit in 'n verhouding van trou, die een hoedanigheid van die mens is wat hom / haar op die mees lewens-vervullende wyse in verhouding tot 'n medemens bring.
- 4.11. Wanneer ons dus mense met 'n oriëntasie tot selfdegeslag seksuele verhoudings in 'n pastorale gesindheid van aanvaarding as lidmate aanvaar, kan ons nie anders nie as om hulle te versoek om die verantwoordelikheid van die selibate lewe te aanvaar en hulle te weerhou van praktyke van geslagsgemeenskap in selfdegeslag seksuele verhoudings. Ons kies dit nie in eie reg en terwille van selfhandhawing nie, maar omdat ons nie anders kan nie as om sover dit binne ons begrip en vermoë is, getrou te bly aan ons verstaan van God se oorspronklike bedoeling met menslike seksualiteit soos die Bybel daaroor praat.
- 4.12. Hierdie oproep tot 'n selibate lewe is nie bedoel om mense met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie te na te kom, te veroordeel of te verontreg nie. Eerder word dit gebore uit 'n eerlike en opregte poging om in ons menslike swakheid, niks anders te wil wees of na te streef as om Christus, ons Here, te ken en aan Hom gehoorsaam te wees uit dankbaarheid vir sy onverdiende en onbegryplike genade in ons lewe nie.
- 4.13. Ons is dankbaar vir alle lidmate met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie wat selibaat lewe en verseker hulle van ons voorbidding en liefde.
- 4.14. Ons vra ernstig dat kerkrade die versoek tot 'n selibate lewe met sensitiewe deernis en die nodige berading aan mense in selfdegeslag seksuele verhoudings sal rig.

SEKSUELE ORIËNTASIE VERHINDER NIE LIDMAATSKAP NIE

- 4.15. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap verstaan ons toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug. Ons onderneem om teologie-studente met 'n selfdegeslag seksuele oriëntasie wat selibaat lewe, tot die predikantsamp toe te laat.

Die goedkeuring van hierdie voorstel beteken dat die sinode soos volg gehandel het met die

beskrywingspunt van die Noorde Ring:

Punt 1 (Die besluite van die AS 2015 oor selfdegeslagverhoudings te verwerp en die besluite van die AS van 2013 en vroeër rakende selfdegeslagverhoudings te handhaaf.) – Die beskrywingspunt is gehandhaaf en uitgevoer.

Punt 2 (’n beroep te doen op die volgende Algemene Sinode om die besluite oor selfdegeslagverhoudings 2015 te herroep in die lig van die getuienis van die Skrif en die belydenisskrifte.) – Die voorstel is voortydig omdat die saak sub judice is in die lig van die appèlle wat tans aan die gang is.

Punt 3 (sy teenkanting uit te spreek oor die wyse van Bybelgebruik op die AS 2015 wat aanleiding gegee het tot die besluite oor selfdegeslagverhoudings deur die Algemene Sinode van 2015 en te vra vir ’n herbesinning oor ons kerk se maniere van omgaan met die Bybel.) – Die punt is afgewys deur die aanvaarding van punt 1 van die getuienis.

Punt 6 (aan te beveel by die AS om besluite oor selfdegeslagverhoudings te verwys na al die kerkrade in elke sinodale streek vir hantering en goedkeuring of nie nadat die appèlle afgehandel is.) – Die voorstel is voortydig omdat die saak sub judice is in die lig van die appèlle wat tans aan die gang is.

Verslag van die moderamen

Ouditering van boeke

Die sinode besluit om aan gemeentes wat ’n jaarlikse omset van minder as N\$1 miljoen het, voorwaardelik vergunning te gee om hulle boeke deur ’n gesertifiseerde finansiële rekenmeester te laat afteken. Dit bly die ideaal dat alle boeke waar moontlik deur ’n geoktrooieerde rekenmeester (CA) geouditeer sal word.

Die volgende voorwaardes is gestel:

- 1 ’n Gemeente se jaarlikse inkomste moet nie meer wees as N\$ 1 miljoen nie;
- 2 Gemeentes wat van die vergunning wil gebruik maak, moet vooraf ’n gemotiveerde versoek tot die D.G.A. rig en moet vooraf skriftelike toestemming kry vir die vergunning;
- 3 Dit sal van die CFA verwag word om die stel state, aan die hand van ’n vooraf ooreengekome stel riglyne soos verskaf deur die D.G.A., te ondersoek.
- 4 Die sinode besluit om hierdie beginsel in die relevante bepalings en reglemente op te neem.

Bid- en dankdae vir reën.

Die sinode onderskryf die moderamen se besluit en roep gemeentes op om jaarliks op die eerste Sondag van Oktober ’n dag van verootmoediging te onderhou met die oog op die komende reënseisoen en op elke laaste Sondag van April ’n dag van danksegging.

Die sinode roep kerkrade op om tydens die twee geleenthede ook aandag te gee aan die saak van goeie rentmeesterskap t.o.v. ons waterbronne en verbruik van water. (MJN vd Merwe / W Venter)

Verslag van die Kuratorium

- Die sinode **AANVAAR** die volgende voorstel (MdP le Roux / AR Olivier): **In die lig van inligting ter vergadering (dat die Kerkbode nie meer geag word die amptelike mondstuk van die NG Kerk te wees nie, maar eerder die karakter dra van 'n koerant), versoek die vergadering dat die moderatuur 'n wyse sal vind om hierdie inligting duidelik aan beide lidmate en die breë publiek te kommunikeer.**

Verslag van die Diensgroep vir Administrasie

Sinodale Kollektes

Die sinode skrap die sinodale kollekte vir Kerklike Maatskaplike Rade en vervang dit met 'n sinodale kollekte vir Maatskaplike Werkers ter stuiwing van die VTF.

Verslag van die Sinodale Taakspan: Regte

- 1 Die sinode neem daarvan kennis en verwys die hersiening van die **KO** na die nuwe Taakspan **Regte om dit by afhandeling** voor te lê aan die Moderamen vir finale goedkeuring.
- 2 Die sinode keur goed dat wysiginge in die bepalinge en eie reglemente voor die moderamen gelê kan word vir goedkeuring in die reses.